

A 3.3 TAAKSPAN KERKVERBAND

1. AGTERGROND

1.1. OPDRAGTE

Die taakspan vir kerkverband het opdragte van twee oorde af gekry (volledig ingesluit by punt 4). Een opdrag van die Moderamen in Maart 2016 en twee van die Buitengewone Algemene Sinode (BAS) November 2016. Laasgenoemde sluit die voorstel van sinode Goudland in. Opsommenderwys behels die opdragte die volgende:

1. Berei 'n verslag voor aan die volgende Algemene Sinode met aanbevelings oor die **wyse van besluitneming, samestelling, agendavorming, wyse van vergader, bekostigbaarheid, voorkeurfasiliteite**, en die **samestelling van die Moderamen**. (Opdrag van die Buitengewone Algemene Sinode 2016.)
2. Die opdrag sluit die versoekskrif van die sinode Goudland in oor die **strukturering en funksionering** van die kerkverband soos verwys deur die Buitengewone Algemene Sinode 2016. Dit behels in kort:
 - a. Sake moet eers deur gemeentes, ringe en sinodes hanteer word vóór dit as deel van die agenda van die Algemene Sinode bespreek word.
 - b. Die Algemene Sinode vergader oor 'n vier jaar termyn in verskillende gestaltes:
 - i. **Sinode Kontrakta** ('n verkleinde sinode ipv 'n ASM) vergader elke jaar – 60 persone (3 leraars, 3 kerkraadslede per sinode)
 - ii. **Eenheidsinode** vergader elke vierde jaar – elke kerkraad word deur al die leraars en 'n gelyke aantal kerkraadslede verteenwoordig (Gemeentes begroot hiervoor).
3. Die opdrag sluit die voorstel van die Moderamen in vir die ontwikkeling van **insluitende besluitnemingsprosesse** vir die Algemene Sinode via sinodes met betrekking tot wysigings aan belydenis en beleid.
4. Die opdrag sluit die voorstel van die Moderamen in vir die skep van prosesse vir sinodes om saam met die Moderamen die **agenda** van die Algemene Sinode te bepaal binne die raamwerk van artikel 43. Dit moet sake van nasionale belang en die publieke getuienis van die kerk insluit.
5. Die opdrag sluit die aanbeveling van die Moderamen in dat die Algemene Sinode **elke vier jaar met 400 afgevaardigdes** vergader in oorleg met ATR wat die reglemente só moet verander.

1.2 PERSONEEL

Die taakspan is sinodaal saamgestel met die Algemene Sekretaris ampshalwe as lid.

Die taakspan bestaan uit die volgende persone: Barry Tolmay (KZN); Chris van Wyk (Oos-Kaapland); Willem Botha (Vrystaat); Theo Danzfuss (Hoëveld); Paul Grobler (Noordelike Sinode); Jan Woest (Namibië); Nico van Rensburg (Goudland); Johan van der Merwe (Oostelike Sinode); Gert Duursema (Noord-Kaapland); Quintus Heine (Wes-Kaapland).

Charl Stander (WK) het Quintus Heine vervang en Jorrie Potgieter (OS) vir Johan vd Merwe.

Barry Tolmay is by die eerste vergadering as voorsitter aangewys en Chris van Wyk as sekretaris.

Die ASM (12-14 Maart 2018) besluit om die taakspan uit te brei met die volgende persone: ds Nelis J van Rensburg (Voorsitter van die ASM), dr Dewyk Ungerer (Aktuaris van die Algemene Sinode), dr Frederick Marais (Voorsitter van die Algemene Kuratorium) dr Lourens Bosman (Algemene Bestuurder). Lg neem die plek van dr Gustav Claassen (Algemene Sinodale Kantoor).

1.3 WERKSWYSE

Die taakspan het op verskillende maniere en by verskeie geleenthede met sinodes en die ASM gekonsulteer. Insette vanuit die sinodes en die ASM is bespreek en soos toepaslik in die verslag opgeneem.

Aanvanklik het die taakspan gefokus op prinsipiële sake soos watter soort kerkverband Op 31 Augustus 2017 word 'n sub-werkgroep bestaande uit Lourens Bosman (sameroeper), Jan Woest, Willem Botha, Paul Grobler, Barry Tolmay en Charl Stander aangewys. Hierdie groep word versoek om 'n konsep model te ontwerp vir die funksionering van die AS.

Hierdie sub-werkgroep se konsepte is telkens na die volledige taakspan teruggeneem vir gesprek. Oor bepaalde sake kon die taakspan nie konsensus kry nie, en hieroor is met die ASM gekonsulteer en die uitsette hiervan is in die voorstelle opgeneem. Die voorstelle is onder punt 4 van hierdie verslag vervat.

2. WAT SÊ DIE WOORD? DIE TEOLOGIE AGTER ONS VOORSTELLE.

2.1 INLEIDEND

Heel oorspronklik en ten diepste het die werk van hierdie taakspan begin by die vraag: Hoekom en hoe die NG Kerk haarself as kerkverband beleef en organiseer in hierdie tyd in Suidelike Afrika? Die kerk het begin om ernstig na te dink en te vra oor hoekom en op watter manier sy as 'n denominasie binne die gereformeerde tradisie haarself behoort te ken en uit te leef: in ons onderlinge verhoudinge na binne en ook na buite. Die kerk wil antwoord probeer gee op die vraag: Waarom en hoe is 'n kerkverband vandag nog nodig en belangrik?

Oor die waarom vraag sou dit ewe kort en gepas wees om gewoon by Paulus aan te sluit en te verklaar: "Daar is maar net een Liggaam, een doop en een hoop wat deur die een Gees bewerk word en waartoe die een Here en een God en Vader sy gemeentes wat Hom in een geloof aanbid, geroep het. Daarom het plaaslike geloofsgemeenskappe / gemeentes en die kerk altyd die gawe en taak in Jesus Christus om onderling in ondersteunende, versorgende en ook toesighoudende verbondenheid en verhouding met gemeentes van ooreenstemmende belydenis en gedeelde roepingsbesef te leef en te werk vir die koms van die Koninkryk."

Die gelowiges en gemeenskappe se eenheid met en verbondenheid aan mekaar as sy Liggaam hier op aarde, is dit waarvoor die Here van die gemeente en Hoof van die Liggaam self gebid het toe Jesus gevra het "dat hulle almal een kan wees, net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My, sodat hulle volledig een kan wees en die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefgehad het, net soos U My liefgehad het..."

2.2 'N BYBELS-TEOLOGIESE GRONDSLAG VAN DIE VERANTWOORDELIKHEID VIR, STREWE NA EN INSTANDHOUDING VAN DIE ONDERLINGE VERBONDENHEID VAN GELOWIGES AAN MEKAAR

In die Nuwe Testament daar 'n groot verskeidenheid van beelde, metafore en perspektiewe op die kerk. Dit gee 'n prentjie van wat die kerk is en kan wees. Eerder as om 'n sistematiese oorsig te probeer gee van hierdie verskeidenheid, het die taakspan die keuse gemaak om die brief aan die Efesiërs te gebruik as Bybelse onderbou vir ons aanbieding.

Efesiërs was 'n omsendbrief aan 'n groep gemeentes in Klein-Asië. Dit is die enigste brief van Paulus wat nie reageer op spesifieke kwessies in die vroeë kerk nie. Daarom is hierdie brief meer generies en dit spreek vroeë aan oor die aard, identiteit en roeping van die kerk.

Omdat Efesiërs aan 'n groep gelyke gemeentes geskryf is, word die uitgangspunte hierin deur baie teoloë beskou as die grondbeginsels vir 'n organiese verband-sisteem. Dit is dan ook waarom dit belangrik is vir hierdie verslag.

Die sentrale boodskap van Efesiërs aan die gemeentes is dat hulle is wie hulle is en kan leef soos wat God van hulle verwag, alleenlik op grond van wat God vir hulle gedoen en gegee het en steeds aanhou doen deur die werk van die Heilige Gees. Christus is die Hoof van die kerk en uit Hom groei die hele liggaam.

Jesus se opstanding uit die dood is die fundamentele verkondiging van Efesiërs. Dit is belangrikste manier hoe ons God leer ken en die sentrale belydenis van die kerk: Hy is die Een wat Jesus uit die dood opgewek het.

Ons vind in Efesiërs 'n onmiskenbare trinitariese Godsbegrip. Dit wat God die Vader in en deur die Seun gedoen het, gaan voort en word 'n werklikheid in die kerk deur die werk van die Heilige Gees. Die gemeentes is gestaltes en lede van die Liggaam van Christus, en Hy is self Hoof en Heer daarvan.

Die teologie van Efesiërs werk met 'n drie-ledige logika:

- Die Vader bewerk en gee aan die mens die volheid van die heil (indikatief);
- Mense wat dit ontvang, word een met die opgestane Christus en word so deel van die Liggaam van Christus (identiteit);
- God roep mens dan om onder leiding van die Gees te leef in ooreenstemming met die roeping wat ons van God ontvang het (imperatief).

Die INDIKATIEF van wat God gee en doen word verwoord in Efesiërs 1:3-14. God, die Vader van ons Here, Jesus Christus, seën, kies, voorbeskik, begenadig, skenk oorvloedig, maak bekend en verenig onder een Hoof, die mense van sy liefde. Die Heilige Gees van God beseël en waarborg hierdie handeling van God aan ons: die mense van sy liefde, sy Seun se Liggaam, sy kerk.

Hierna word die IDENTITEIT van God se mense uitgespel: die mens was dood, maar God het ons saam met Christus uit die dood opgewek en nou lewe ons saam met Christus. Dat ons saam met Christus uit die dood opgestaan het, definieer die identiteit van die mens en van gemeentes.

Die IMPERATIEF voort hieruit vloei: leef nou 'n lewe wat waardig is van julle nuwe identiteit. Die gemeentes is geroep om in die krag van die Gees die evangelie konkreet uit te leef in hulle persoonlike etiek; in die huwelik en die huisgesin; die ekonomie en arbeid, die politiek en sosiale verhoudinge. In alles moet hulle vredemakers wees in die Naam van Christus wat ons vrede is.

Die Efesiërs-brief plaas drie groot vrae (en antwoorde) op die tafel waarmee alle gemeentes besig behoort te wees wanneer ons nadink oor ons oorsprong, aard en roeping:

- Wie is God en wat doen Hy as Vader, Seun en Gees om ons as sy eiendom, huisgesin en beeldraers te bevestig en te koester? (Indikatief)
- Wie en wat is die gemeente/kerk as ontvanger van en deelhebber aan God se genadige handeling? (Identiteit)
- Wat is die praktiese roeping en konkrete opgawe van die gemeente/kerk na aanleiding van hierdie Goddelik bepaalde, geïnisieerde en deurgevoerde indikatief en geskenkte identiteit? (Imperatief)

Wanneer mens Efesiërs lees met hierdie drie vrae om jou gedagtes te lei, val dit op hoe die kerk in sy persoonlike én gemeenskaplike gestalte, God se antwoord is op die nood van 'n verskeurde, verwarde en soekende wêreld.

Dit sal van onskatbare waarde vir die NG Kerk in Suidelike Afrika wees om die Efesiërs brief indringend en luisterend te lees. In hierdie tyd waarin die kerk worstel met groot en diep vrae, gee dit vir ons insig en rigting ten opsigte van ons identiteit en roeping.

2.3 'N ORGANIESE KERKVERBAND – EKKLESIOLOGIESE UITGANGSPUNTE

Hieruit vloei daar 'n verstaan van wat dit beteken om as 'n organiese kerkverband konkreet uitdrukking te gee aan die verband wat geloofsgemeenskappe as Liggaam van Christus met mekaar het.

Wanneer gemeentes en kerke onderling hulle verband met en verbondenheid aan mekaar nastreef en uitleef, probeer gee hulle in verhouding en samewerking met mekaar prakties en konkreet uitdrukking aan die diepste oortuigings aangaande wie en wat die kerk as Liggaam van Christus is en bedoel is om te wees. Hierdie oortuigings behoort tans vir die NG Kerk veral na aanleiding van Efesiërs se onderbou die volgende te behels:

Die volgende tien vertrekpunte maak 'n integrale deel van 'n **organiese verstaan** van die kerkverband uit.

1. As geloofsgemeenskap is ons deur God geroep om deel te neem aan die Missio Dei en daarom saamgevoeg tot 'n liggaam. Daarom behoort ons aan die lewende Drie-enige God. Ons is deur God die Vader tot lewe gewek en saamgeroep, deur die Seun verlos, bevry en tot dissipels gevorm en word daagliks gelei en regeer deur die Gees van Christus.
2. Ons is deur die Drie-enige God saamgevoeg tot 'n geloofsgemeenskap, met die roeping om God te eer, te aanbid en as gestuurdes na die wêreld, die goeie nuus te versprei dat Jesus, die opgestane Here, leef deur in sy genade en liefde te dien.
3. Jesus Christus is die Here en hoof van die kerk. Die kerk is sy liggaam. Die eenheid, heiligheid, algemeenheid en apostolisiteit in Christus is die sigbare kenmerke van die wese van die kerk. Dit is daarom ook wesenlike take van die kerk. Christus is lewend, persoonlik en aktueel teenwoordig in sy liggaam.
4. Jesus Christus regeer sy kerk deur sy Gees en sy Woord binne die gemeenskap van die gelowiges. Hom gehoorsaam die gemeente deur God se genade, liefde en waarheid te verkondig en te beliggaam, sodat sy Naam geheilig word, sy Koninkryk kan kom en sy wil geskied op aarde.
5. Ons is 'n geloofsgemeenskap wat staan in 'n reformatoriese tradisie. Ons respekteer die waardes en lering daarvan en probeer om met integriteit daarin voort te leef.
6. As gestuurdes van God staan alle gelowiges in die amp van gelowige en word deur die Gees toegerus om te getuig van God se genade, liefde en waarheid. Al die dienste van die kerk is deel van die Missio Dei.
7. In die kerk is daar besondere ampte. Gelowiges wat deur God geroep word tot die besondere ampte vorm saam die kerkraad. Al die dienste van die kerk is deel van die Missio Dei.
8. Die kerk het verskillende gestaltes wat in diens staan van God. Die gemeente is volledig kerk. In gemeentes word die Woord verkondig. In gemeentes word die Woord verkondig, die sakramente bedien en die kerklike ondersteuning en vermaning toegepas. In gemeentes leef gelowiges vanuit die Woord onder leiding van die Gees en getuig hulle in die wêreld van die verlossing van Christus.
9. Gemeentes is volledig kerk, maar nie die hele kerk nie. Gemeentes tree met mekaar in verband op grond van hul gesamentlike roeping en belydenis. Gemeentes vergader saam in rings-, sinodale en algemene sinodale verband om mekaar tot diens te wees in hulle roeping as kerk. Alles wat in rings-, sinodale en algemene sinodale verband gedoen word, staan in diens van gemeentewerk.
10. Gemeentes kom in die kerkverband saam as ringe en sinodes. Die onderskeie sinodes kom tans saam as die Algemene Sinode. Die onderlinge ooreenkomste hieroor is in die Kerkorde opgeneem.

2.4 PRAKTIESE PATRONE VIR 'N ORGANIESE KERKVERBAND

Onderlinge eenheid en verhoudinge tussen geloofsgemeenskappe (gemeentes) kom in 'n verskeidenheid van patrone van wedersydse samewerking en begeleiding wat verbande genoem word, tot uitdrukking. Kerkverbandspatrone is ten diepste veronderstel om praktiese kanale te wees waardeur die geestelike energie van die lewende Liggaam van geloofsgemeenskappe tot diens in die Koninkryk, aan die wêreld en vir mekaar vloei.

Só 'n organiese kerkverband gesels dus voortdurend oor die volgende dinge wat ook die agenda van die onderskeie byeenkomste van die gemeentes, sinodes en Algemene Sinode behoort te vorm:


- Deurlopende vestiging, verryking en viering van die kerk se reformatories-teologiese **identiteit en** van die **onderlinge geloofsgemeenskap met mekaar**;
- Gemeenskaplike verwoording van gesamentlike, profetiese **getuïenisse** oor die werklikheid van God se regering en geregtigheid in die samelewings waarbinne die kerk daagliks haar roeping uitleef;

- Dinamiese en sinvolle organe en patrone van **kommunikasie** met inspirerende berigte oor die insigte, oortuigings, getuienisse en praktyke van hoop waardeur die kerk haar missionale en profetiese roeping ervaar;
- Begeleiding en bevordering van die reformatories-teologiese **opleiding en toerusting** van Woord-bediene ampte vir gemeentes;
- Tydelike prosesse van **hulp en diens** op versoek en aanvraag, met die **teologies-verantwoordelike onderskeiding van die missionale roeping** van die kerk in onderlinge samewerking met mekaar;
- Vestiging, uitbou en onderhouding van integriteitvolle **verhoudinge** met ander Christelike gemeenskappe en tradisies op nasionale en internasionale vlak ter wille van die sigbaarmaking en beleving van die ryk geskakeerde eenheid van die Liggaam van Christus op aarde;
- Beoefening van verantwoordelike **rentmeesterskap** oor fondse en eiendomme wat aan die verbandsgestalte toevertrou is ter wille van die welsyn van die groter geheel.

3. DIE UITDAGINGS WAT AANGESPREEK MOET WORD

3.1 INLEIDEND

Die veranderinge in die kerk is deel van 'n baie groter skuif in die samelewing en lewensbeskouing. Ons kom uit 'n tyd van baie vastighede en met vaste bakens. Die strukture wat in hierdie tyd geskep is, was dan ook met reguit lyne en hiërargiese verhoudings. Dit word met die boonste deel van die diagram uitgebeeld: 'n hoekige wêreldbeeld met hoekige, hiërargiese strukture.



Die groot beweging waarvan die NG Kerk deel is, is na 'n samelewing wat nie sulke vaste vorme het nie, waarin dinge meer vloeibaar en veelkantig is. Ons is nou op soek na strukture wat hierby pas: soepel en insluitend, strukture wat eerder ingestel is op verhoudings en deelname as op voorskrifte en hiërargie. Die onderste deel van die diagram beeld dit uit: 'n geronde wêreldbeeld wat vra vir dinamiese en insluitende strukture.

3.2 DIE VERSKUIWINGS IN DIE SAMELEWING EN DIE KERK STEL DIE NG KERK VOOR BEPAALDE UITDAGINGS

1. Uitdagings wat van buite die kerk kom
 - Die belangrikste en grootste skuif ten opsigte van die samelewing en wat wêreldwyd plaasvind, is die skuif na individuele bemagtiging. Mense is beter geskool, meer welvarend en het baie beter toegang tot inligting as ooit. Een van die gevolge hiervan is die groeiende gaping tussen sentrale regerings en sentrale beheer en dit wat op plaaslike vlak gebeur. Dit word genoem die *“governance gap”*. Dit beteken dat individue al meer onafhanklik en selfstandig funksioneer en die vermoë het om eie opinies te vorm. Hiermee saam gaan daar (onvermydelik) 'n groeiende agterdog teen hiërargiese strukture en gesentraliseerde mag.
 - Groeiende populisme en godsdienstige fundamentalisme. Hierdie twee tendense is nie dieselfde nie maar loop hand aan hand. Godsdienstige organisasies het wêreldwyd groter invloed op grondvlak, dit is en bly wêreldwyd die bes georganiseerde burgerlike sfeer. As

gevolg van die gelyktydige groei in populisme, lê die grootste invloed egter by fundamentalistiese en soms reaksionêre organisasies.

- Die dikwels negatiewe blootstelling wat die NG Kerk in die pers kry. Die NG Kerk is nuus en verkoop koerante maar die positiewe werk wat die NG Kerk doen, is selde nuuswaardig. Vir die meerderheid lidmate is persberigte die enigste inligting wat hulle ooit oor die Algemene Sinode kry.

2. Uitdagings wat van binne die kerk self kom:

- 'n Anti-hiërargiese strewe en weerstand teen die sentralisering van mag en funksie.
- Die uitdaging om die spanning tussen ons belydenis oor kerkregering en huidige praktyke van kerkregering te hanteer.
- Die hantering van diversiteit binne die NG Kerk self.
- 'n Diversiteit van verwagtings oor wat die Algemene Sinode behoort te wees en te doen.
- Krimpemde bronne in terme van werkkragte en finansies.
- Kommunikasie van die Algemene Sinode na die breë kerk te midde van 'n ooraanbod van inligting en die beperkinge van die huidige kerklike strukture.

3.3 POLARITEITE

Die uitdagings wat die Algemene Sinode moet aanspreek in ons nadenke oor die aard van die kerkverband, kan **uitgedruk word in terme van bepaalde polariteite**. Polariteite is nie bloot opponerende sieninge en verwagtinge nie, dit skep 'n kreatiewe spanning wat die kerk energie gee om vorentoe te beweeg in 'n nuwe tyd. Mens se intuïtiewe aanvoeling is om tussen opponerende sienings te moet kies: 'n óf ... óf benadering. Polariteite, daarenteen moet bestuur word en soek na kreatiewe én ... én uitkomst.

- Die polariteit van die NG Kerk se **plaaslike en korporatiewe identiteit** .
Aan die een kant bely ons dat die plaaslike gemeente die primêre en belangrikste gestalte van die kerk is maar aan die ander kant neem meerdere vergaderings besluite vir die gemeente.
Ons glo dat die gemeente volledig kerk is maar nie hele kerk nie. Dit het die taak om in die konteks waarin dit leef, die mees toepaslike bediening te ontwikkel.
Aan die ander kant is dit die denominasie wat die korporatiewe identiteit bepaal en die plaaslike gemeente het min inspraak in hoe hierdie korporatiewe identiteit lyk.
In die denke van baie mense (binne en buite die NG Kerk) is die plaaslike gemeente 'n tak of 'n *franchise* van die Algemene Sinode en daar ontwikkel 'n weerstand by lidmate teen die korporatiewe identiteit waarin gemeentes onvermydelik deel.
- **Die polariteit tussen die belydenis dat Christus as die enigste hoof van die kerk is en die plek van besluite van vergaderings.**
Die NG Kerk bely dat Christus die enigste Hoof van die kerk is en dat enige besluite onder leiding van die Woord en Gees geneem word. Aan die ander kant is die praktyk van die besluitneming op vergaderings, insluitend die Algemene Sinode, een waar daar op demokratiese wyse besluite geneem word.
Ons sit met 'n erfenis dat **meerdere vergaderings** (wat eintlik beteken: meer mense en meer vergaderings wat saam dink en besluit) gesien word as **hoër** vergaderings wat gesag oor gemeentes en lidmate uitoefen.
Samestellende sinodes en gemeentes beleef verder ook soms dat hulle op 'n ander wyse in hulle eie konteks deur dieselfde Woord en Gees gelei word en dat hulle nie gebind wil word deur besluite van die meerdere vergaderings nie. Dit bring spanning oor die wyse waarop die Gees die kerk in sy verskillende gestaltes lei.
Voeg hierby die NG Kerk se geskiedenis waar ons inderdaad oor verloop van tyd posisie verander het ten opsigte van ingrypende sake: die verhouding tussen volkere en rasse en hoe ons gay medegelowiges sien.

- Die polariteit van 'n weerstand teen **outoritêre en gesentraliseerde mag** aan die een kant en die behoefte aan teologiese en etiese leiding.

Ons het te doen met 'n toenemend kompleks-wordende werklikheid waarin daar teologiese en etiese vrae na vore kom wat hoë vlakke van kundigheid verg om te antwoord. Dink maar aan eutanase, CRISPR tegnologie, surrogaat ouerskap, ekonomiese modelle, armoede, ekologiese kwessies en volhoubare ontwikkeling.

Op 'n manier moet die breër kerk leiding gee, maar op so 'n manier dat gemeentes, predikante en lidmate in hulle eie kontekste verantwoordelike besluite kan neem. Die weerstand teen gesentraliseerde mag hou ook 'n weerstand teen voorskriftelike besluite in, maar dit neem nie die behoefte aan ingeligte leiding weg nie. Hierdie leiding moet mense en gemeentes help om self verantwoordelike, Bybels gefundeerde besluite oor komplekse sake te neem.
- Die polariteit van die **sentralisering van funksies** in die Algemene Sinode en die verantwoordelikheid van sinodes, ringe en gemeentes.

Daar is al meer stemme wat vrae het oor die sentralisering van funksies in taakspanne van die Algemene Sinode, veral ten opsigte van predikantesake en die skryf en interpreteer van die kerkorde. In die dag-tot-dag funksionering van die NG Kerk lê die toesig oor predikante eerder by ringe en gemeentes. Sinodes is ook baie nader aan gemeentes wanneer dit kom by die interpretasie en toepassing van die Kerkorde.
- Die polariteit van erkenning en verwelkoming van **diversiteit** maar ook 'n behoefte om aan 'n **groter geheel** te behoort.

Oor die afgelope 3 dekades het die latente diversiteit in die waardes, lewensbeskouing en lewenstyl van die Afrikaner en lidmate van die NG Kerk byna dramaties na vore gekom. Hierdie diversiteit is ook sigbaar in manier waarop gemeentes en sinodes hulleself sien en posisioneer. Diversiteit is 'n gegewe in die tyd waarin ons leef. Gekoppel aan die tendens van individuele bemagtiging bring dit mee dat daar nie net 'n groot diversiteit in die NG Kerk bestaan nie, maar dat mense ook verwag dat hulle diversiteit erken word dat ruimte geskep word vir hulle individuele uniekheid.

Aan die ander kant is daar tog steeds 'n behoefte om aan 'n groter geheel te behoort. Vir die Algemene Sinode lê die uitdaging daarin om hierdie groter geheel op so 'n manier te beskryf en in praktyke om te sit dat dit die bestaande diversiteit omhels en benut en nie negeer of bloot verdra nie.

Hierdie polariteit kom baie helder na vore in die verskillende sienings van Skrifgesag en die hermeneutiek wat in die NG Kerk bestaan. Daar is waarskynlik baie min lidmate of leraars wat die gesag van die Skrif oor hulle en die kerklike lewe sal wil onderspeel. Ons is 'n kerk waarin sola scriptura baie ernstig opgeneem word. Die polariteit lê eerder in die verskillende maniere waarop hierdie gesag verstaan en die Skrif vir vandag se kwessies geïnterpreteer word.
- Die polariteit van die **groeïende nood in die samelewing** en die druk wat dit op die **ontginning van die bronne en kapasiteit** van die kerk plaas.

Op baie vlakke voel die NG Kerk finansiële druk. Plaaslike gemeentes sukkel om te oorleef en sinodes skaal af in hulle werkkragte en ook werksaamhede. Soos wat gemeentes onder druk kom, het predikante ook minder tyd om by sinodale werk in die streeksinodes en Algemene Sinode betrokke te wees.

Aan die ander kant is daar die groeiende behoeftes en nood van lidmate en in die plaaslike gemeenskap. Gemeentes en sinodes beleef dat die nood toeneem, maar dat hulle bronne afneem. Die NG Kerk neem sy missionale roeping baie ernstig op en dit skep 'n kreatiewe spanning om betrokke te wees en te help en terselfdertyd die voortbestaan van die plaaslike gemeente te verseker. Die opneem van die gestuurde roeping van die kerk gaan dikwels hand aan hand met 'n pynlike proses waarin gemeentes moet afskaal in hulle manier van bestaan.

Daarby ook die uitdaging om op die beste manier relevant te wees en betrokke te wees in die samelewing - op so 'n manier dat dit nie net tydelike verligting van die nood bring nie, maar deel is van opheffing en voorkoming.

Effektiewe en volhoubare betrokkenheid by die nood van die wêreld verg dikwels nuwe kundigheid en samewerking. Die Algemene Sinode is 'n platform om hierdie polariteit aan te spreek deur die

beste kundigheid wat in die gemeentes en sinodes bestaan, saam te bring, te ontgin en tot beskikking van die kerk te stel.

- Die spanning van **afstand** tussen die besluite en werk van die Algemene Sinode en die plaaslike gemeente.
Die sinodale strukture van die NG Kerk en die feit dat die Algemene Sinode deur sinodes moet werk om gemeentes te bereik, veroorsaak 'n afstand. Dit beteken dat die Algemene Sinode de facto vir meeste van die tyd vir nie in gemeentes se bewussyn figureer nie. Dit bring spanning en agterdog aan die een kant en dit veroorsaak ook dat waardevolle werk van die Algemene Sinode se taakspanne nie by gemeentes uitkom nie. Onbekend maak onbeminde.
Hierdie gaping werk na twee kante toe. Die kommunikasie vanaf gemeentes is moeilik en omslagtig dit veroorsaak ook dat die Algemene Sinode nie in voeling met gemeentes is nie.
- Die noodsaaklike skuif na 'n **organiese kerkbeskouing** terwyl sekere **institusionele elemente** behou moet word.
Die groot Bybelse metafore van die kerk is organiese beelde: die kerk as liggaam van Christus, as die huisgesin van God, as die volk van God, as 'n beweging. Dit staan dikwels in spanning met 'n sterk gereguleerde en voorskriftelike sisteem wat goed bedoel is, maar verlamdend inwerk op gemeentes. Hierdie polariteit moet op so 'n manier bestuur word dat:
 1. Ons met mekaar ooreenkom oor ons eenheid en hoe dit prakties tot uitdrukking kom.
 2. Werksaamhede uit die vergaderings voortvloei, gerig en bestuur word.
 3. Die getuienis van die kerk ook op nasionale en internasionale vlak impak het.
 4. Nasionale en internasionale ekumeniese verhoudings gedien word.
- Die polariteit van die **gesag van verkose leierskap en die gesag van vergaderings**
Die gereformeerde siening is dat die Heilige Gees in kerkvergaderings teenwoordig is en dat die Here sy kerk deur vergaderings lei. Alhoewel besluite van 'n kerkvergadering gesag dra, behoort die ampsdraers nie gesagsfigure na die vergadering te wees nie. Die verkose ampsdraers van die vergadering het slegs bevoegdhede vir die duur van die vergadering.
Aan die ander kant werk ons met die realiteit dat bepaalde funksies van verkose leiers verwag word wat nie net tot die duur van vergadering beperk is nie. Hulle moet onder andere toesien dat besluite en beleid uitgevoer word en dat sake in die reses bestuur word. Hierdie verantwoordelikhede, saam met die openbare profiel wat die media en kerklike publiek aan verkose leiers toeken, lei soms daartoe dat dit met gesag verwar word.
Die verantwoordelikheid om standpunte te verduidelik, om publiek namens die kerk op te tree en kommentaar te lewer, om interne en media-navrae te hanteer, ekumeniese skakeling te behartig en aan openbare gesprekke deel te neem, setel by die Algemene Sinode in die funksie van die algemene sekretaris. Die verkose ampsdraers het egter soms 'n hoër profiel in die media.
- Die polariteit van ons gereformeerde **erfenis** en ons gerigtheid op die **toekoms**.
Die NG Kerk se gereformeerde identiteit is gevorm deur 'n tradisie wat vir ons kosbaar en belangrik is. Aan die ander kant word die NG Kerk gekonfronteer met uitdagings van 'n moderne konteks wat vir nuwe antwoorde vra om ons roeping te vervul.
Hierdie polariteit kan ook uitgedruk word in die spanning tussen identiteit en relevansie. Terwyl ons identiteit geanker is in ons gereformeerde wortels, is ons ook op die toekoms gerig. Om by God se roeping vir die NG Kerk in sy koninkryk te kom, moet ons voortdurend aanpassings maak om relevant te bly.
- Die polariteit van **enkel- en meertaligheid**.
Afrikaans is 'n baie groot deel van die identiteit van die NG Kerk. Enkeltaligheid is egter beperkend vir die vermoë van die kerk om plaaslike gemeenskappe te bedien en om wyer te beweeg as die relatief klein deel van die plaaslike bevolking wat Afrikaanssprekend is.
In die nadenke oor kerkhereniging kom die kwessie van die voertaal van vergaderings ook telkens na vore. Dit lyk onvermydelik dat die taal op vergaderings in 'n herenigde kerk Engels sal wees, maar daar is ook weerstand daarteen. Aan die ander kant is die NG Kerk die grootste Afrikaanse


organisasie in die wêreld en bied dit 'n geestelike tuiste vir ongeveer 700 000 mense wat in hulle moedertaal wil aanbid.

3.3 SCENARIO BEPLANNING EN DIE GESPREK OOR KERKVERBAND

Scenario beplanning gaan oor die toekomsdroom. Ons nadenke oor toekomstige scenario's vir die kerk behoort 'n baie direkte invloed te hê op die manier hoe ons oor kerkverband dink. Wanneer ons besin oor die struktuur en funksies van die Algemene Sinode, moet ons seker maak dat dit ons help om nou reeds nader te beweeg aan die voorkeur scenario. Ons moet sorg dat ons in die regte rigting beweeg en dat ons nou beduidende treë gee in daardie rigting.

3.4 DIE WAARDES WAARMEE ONS WERK

3.4.1 DIE VERHOUDING TUSSEN IDENTITEIT, WAARDES EN FUNKSIES



3.4.2 DIE WAARDES WAT VANUIT ONS HISTORIESE WORTELS EN TRADISIE KOM

Tradisioneel lê Gereformeerdes klem op

- die heerskappy van Christus;
- die skriftuurlikheid van die kerkregering;
- 'n afkeur in demokratiese regeervorme;
- 'n geestelike bestuurstyl;
- die gelykheid van die ampte en ampsdraers;
- die gelykheid van alle gemeentes;
- wettiglike roeping (aanwysing) van alle ampsdraers;
- die afwysing van menslike heerskappy en alle vorme van hiërargie in die kerk;
- menslike besluite wat afwyk van die Skrif en die voorbeeld van Christus kan nie die gewete bind nie;
- die kerk moet gelei en regeer word volgens die dienende voorbeeld van Christus.

3.4.3 “OP ‘N KERKLIKE WYSE”

Wat beteken dit dat ons **sake vanuit 'n kerklike perspektief in die lig van die Woord van God en op 'n kerklike wyse** behandel? (KO artikel 21).

Die bedoeling met 'n "kerklike wyse" is nie dat sake op 'n juridies-kerkordelike wyse hanteer word nie. Dit gaan eerder daaroor dat die identiteit en waardes van die evangelie sigbaar word in die funksionering van die kerk en sy vergaderings.

- In die eerste plek beteken dit dat ons sake so ver as moontlik in die gemeente hanteer. Dit beteken dat ons so min as moontlik besluite na meerdere vergaderings neem en dat ons wil sien dat eienaarskap en verantwoordelikheid sover as moontlik tuiskom in die primêre gestalte van die kerk naamlik die gemeente.
- Dit beteken ook dat ons in ons funksionering sigbaar uitdrukking gee aan die beginsel en die waardes van die evangelie. 'n Regulatiewe beleid wat van bo voorgeskryf word, moet hierdie waardes weerspieël en 'n gesonde organisasie-kultuur bevorder.
- Ons Bybelse onderbou van respek en liefde moet neerslag vind in respekvolle praktyke in ons kerkorde, reglemente en vergaderingsprosedure.
- Daarby moet ons toesien dat daar geregtigheid sal wees **in administratiewe prosesse**. Dit beteken dat voldoen moet word aan die eise van
 - Wettigheid
 - Billikheid
 - Regverdigheid
 - Redelikheid
- Hierdie beginsels kan nie in 'n kerkorde afgedwing word nie. Dit vra eerder vir 'n kontraktering oor 'n waardesisteem as vir die formulering van 'n klomp reëls waaraan ons mekaar hou.
- Die transformasie van strukture sal niks beteken as die organisasiekultuur nie verander nie. Die kultuur is die somtotaal van ons gewoontes, dit wat ons oor en oor, by verstek doen. Ons het oor tyd gewoontes aangeleer wat byna tot die skeuring van die NG Kerk gelei het.
- Ons proses behoort so te werk dat ons werk vanaf 'n kultuur na 'n regulatiewe omgewing wat die ruimte skep dat ons daarbinne bepaalde gewoontes kan beoefen wat uitdrukking gee aan hierdie kultuur. Die kultuur is die persoonlikheid van die kerk. Ons moet onself vra: waarin lê die persoonlikheidsprobleme van die kerk? As ons nie die persoonlikheidsprobleme en kultuur aanspreek nie, sal verandering aan die struktuur en reëls geen effek hê nie.

3.4.4 FUNKSIONELE EN ORGANISATORIESE WAARDES

- Die funksionering van die Algemene Sinode moet uitdrukking gee aan ons identiteit en roeping.
- Ons byeenkomste is primêr geleentehede waar mense mekaar ontmoet en saam soek na die wil van die Here, nie bloot saaklike vergaderings wat fokus op debatvoering en demokratiese besluite.
- Praktiese reëlings vir ons funksionering mag nooit Jesus se opdrag van liefdevolle verhoudings verdring nie.
- Ons werk met respek – vir mekaar, ander mense en vir die sisteem.
- Ons verstaan dat die kerk se geloofwaardigheid afhang van ons eenheid, deernis en om die Woord met integriteit te interpreteer.
- Ons beskou die diversiteit in die kerk as God se gawe wat ons identiteit en roeping verryk.
- Die prosesse van geloofsonderskeiding waardeur ons gaan, is belangriker as die uitkomst wat bereik word.
- Ons werk met waardegedrewe prosesse eerder as met beleid en reëls.
- Strukture moet soepel en aanpasbaar wees.
- Gemeentes is die primêre en belangrikste uitdrukking van die kerk.
- Ons aanvaar die beginsel dat 'n meerdere vergadering of sy funksionaris nie heers oor 'n mindere vergadering nie. Met funksionaris bedoel ons verkose leiers, betaalde amptenare, taakspanne.

Churchill se opmerking: "*First we shape our buildings and then our buildings shape us*" is van toepassing. As dit waar is van fisiese geboue, hoeveel meer is dit nie waar van die strukturering van die kerk nie?

Ons moet baie seker maak dat die strukture wat ons voorstel, 'n uitdrukking is van ons waardes. Ons kan egter nie alleen staatmaak op mense se gesindheid en verbintenis aan 'n stel waardes nie, hierdie waardes moet neerslag kry in die werkswyses, ordereëlins en strukturering. Daarom is nadenke oor en

formulering van werkwyses en strukture nie bloot pragmaties nie, ons toets deurlopend of dit inderdaad 'n uitdrukking is van die waardes wat ons in die NG Kerk wil sien.

Om die waardes in die sisteem te vestig, is dit verder noodsaaklik ook dat **ons interne prosesse** sal ontwikkel en toepas om die integriteit van ons prosesse en praktyke te toets aan ons waardes.

3.5 DIE PAD VORENTOE: DIEPGAANDE AANPASSENDE VERANDERING EERDER AS VERSTELLINGS AAN DIE STRUKTURE

3.5.1 BLOTE STRUKTURELE AANPASSINGS SAL OP DIE LANG DUUR NIE SLAAG NIE

Blote strukturele aanpassings en verandering van die tradisionele patroon en manier van kerk-wees, is nie meer die opsie in die hede en beslis nie vir die toekoms nie!

'n Baie interessante gedagte is dat dit wil voorkom of Jesus dit ook nie probeer het nie en dit glad nie gedoen het nie. Hy het nie in die aanbiddings en godsdiens-regeer-tradisie van Israel met die tempel-kultus, priesterdom en heersersgroepe destyds op 'n hoogtepunt, ingekom met 'n transformasie-agenda of omkeerstrategie vir die bestaande nie.

Gegewe al die teologiese inhoude en verwagtinge wat Jahweh-gelowiges in Israel gekoester en nagestreef het, was Jesus se koms, bediening, boodskap en uitwerking heeltemal anders. Daarom het die Christen-geloofsgemeenskappe ontstaan en toenemend ontwikkel op 'n heeltemal alternatiewe styl en patroon as die bekende, geeykte en vertroude Joodse tradisies, gewoontes en praktyke.

Wat onmiskenbaar 'n kern-gegewe vir gelowiges is, is dat Jesus gesê het: "Waar twee of drie in My Naam saamkom, daar is Ek in hulle midde / by hulle..." Dit beteken dat die verhouding met God en sy Christus altyd ook 'n verhouding met mede-gelowiges behels en inhou. Jesus self se eerste en kernbediening was om 'n dissipelgroep rondom Hom saam te trek. Hy het hulle gevorm en geleer om voort te gaan met God se Koninkrykswerk na sy weggaan.

Die Christelike geloof is van die begin af nie bedoel om bloot 'n persoonlike, individuele of privaat saak te wees nie, maar 'n gemeenskaplike lewe van dissipelskap van Jesus Christus self saam met ander gelowiges. Die belewing en beoefening van geloofsgemeenskap is die daaglikse praktiese opgawe en voorreg van mense wat Jesus volg.

Van die eerste dissipelkring saam met Jesus self af tot vandag toe in talle gestaltes, het Christene hierdie gemeenskapslewe gevestig, opgesoek, uitgeleef en nagestreef. Gemeentes, geloofsgemeenskappe van 2 of 3 tot 5000 of 6000 was en is nog steeds die basiese teenwoordigheid van die Liggaam van Christus op aarde.

Deur die afgelope amper tweeduisend jaar het die Christelike kerk se verhaal op veelvuldige maniere ontvou om uitdrukking te gee aan die maniere waarop geloofsgenote hierdie gemeenskap beoefen, vergestalt, ingerig, georganiseer en ontwikkel het. Verskillende tye, omstandighede, uitdagings, motivering, teologiese perspektiewe, invloede, kulture en kontekste het bygedra tot 'n ryke verskeidenheid van afwisselende maniere van geloofsgemeenskappe se bestaan en onderlinge verhouding met mekaar.

3.5.2 DIE MOONTLIKHEID VAN 'N NUWE LIGGAAM VAN REFORMATORIESE GELOOFSGEMEENSAPPE

Dit wil voorkom of die noodsaaklike opgawe en uitdaging tans met die ontluiking van die 21ste eeu is om nie meer te praat oor die transformeer van die kerk en dan te dink aan die verstelling, aanpassing of ad hoc verandering aan en in die denominasies nie. Liewer is dit nodig om te begin praat, dink, droom en luister oor hoe om die bestaande tradisionele patrone en strukture te alterneer. Is ons roeping nie tans om 'n alternatiewe moontlikheid (-hede) van geloofsgemeenskap, verhouding en verbintenis aan mekaar te verbeel, te beluister, te sien en te skep nie?

Daarom, in plaas daarvan om aan te hou om bestaande denominasionele strukture en orde-patrone te probeer verander en aan te pas, moet ons dit oorweeg om in die toekoms by die radikale punt te kom om

dit liewer maar op te skort en te ontbind. Omdat gemeentes oftewel geloofsgemeenskappe die basiese en primêre boustene van enige groter geheel van verband of verhouding is, behoort alle reformatories-gesinde gemeentes genooi te word om deel te word en reisgenote te wees op die koers van 'n nuwe Alternatief, naamlik 'n inklusiewe en akkommoderende ekumeniese Reformatoriese voertuig in Suidelike Afrika.

Die eenheid in Christus is gawe en opgawe aan die gemeenskap van gelowiges om sigbaar gestalte te laat kry... Oor die gawe kan ons verkondig, oor die opgawe dink en beplan en oor die sigbare gestalte, begin optree in vertroue en afhanklikheid in die Naam en krag van Christus Jesus alleen en biddende afhanklikheid van die leiding van die Gees van Christus alleen.

Ons moet daaraan dink om as toekomstige alternatief eerder "Een Liggaam van Reformatoriese Geloofsgemeenskappe in Suidelike Afrika – One Body of Reformational Faith Communities in Southern Africa", te verbeeld en te vergestalt. Dit kan 'n radikale praktiese alternatief wees vir die huidige sukkelende kerkstrukture wat vanweë baie menslike redes nie meer die gang van die evangelie in ons lande op die mees effektiewe manier dien nie. Ons historiese formaat en optredes het ons ingehaal en lamgelê.

Die oorspronklike en prysenswaardige 16de eeuse denke oor patrone, vorme, praktyke, ordes en prosedures wat deur die verloop van die afgelope 5 eeue ontwikkel, aangepas, verstel, verfyn, verdedig, verander en op alle denkbare en ondenkbare maniere gehandhaaf is, lyk net nie meer of dit geloofsgemeenskappe in die radikaal veranderende wêreld van die 21ste eeu kan help en dien om voluit en na behore Liggaam van Christus te wees nie.

Die Bybelse metafoer wat die meeste vir die kerk gebruik word in die Nuwe Testament is immers Liggaam van Christus. Daarom dat Paulus in Efesiërs 4:4 so emfaties kan verklaar: "Daar is net één liggaam en net een Gees..." Om oor verhouding, samehang, eenheid en funksionering van die breë kerk in die idioom van die liggaam te dink en dit daadwerklik teologies te begin verduidelik en prakties te vergestalt, bied regtig tans in Suidelike Afrika vir die kerk baie nuwe en opwindende moontlikhede.

3.5.3 Ses beginsels en vyf praktiese patrone

Hieronder volg 'n konsepvoorstel vir 'n alternatiewe liggaam wat 11 "organe" vertoon en waarvoor gesprek gevoer kan word. Van die organe kan 6 beginsels en 5 praktiese patrone wees:

(i) Een fondasie/One Foundation

Bv. "Jesus Christus is die Heer soos verkondig in die Skrifte, in Wie ons glo deur die genade wat die Gees aan ons geskenk het tot meerdere eer van God alleen." / "Jesus Christ is the Lord as proclaimed in Scripture in whom we believe through the grace that the Holy Spirit has imparted to us to the greater glory of God alone"

(ii) Een doel / One Purpose

Bv. "Om te streef na die praktiese uitleef van die bediening van versoening wat aan die Here se gemeentes toevertrou is" / "To strive towards the practicing of the ministry of reconciliation that was entrusted to the Lord's congregations"

(iii) Een roeping / One calling

Bv. "Om ter wille van die koms van die Koninkryk van God mekaar en die wêreld te dien in die liefde van Christus" / "For the sake of the coming of the Kingdom of God to serve one another and the world in the love of Christ."

(iv) Een verantwoordelikheid / One responsibility

Bv. "Om in gehoorsaamheid die evangelie van die Drie-enige God te beliggaam deur reg te doen, liefde en trou te betoon en bedagsaam te leef voor die Aangesig van God" / "To obediently embody the gospel of the Triune God by acting justly, loving tenderly and walking humbly before the Face of God."

(v) Een hoop / One hope

Bv. "Dat die Lewende Drie-enige God se Naam geheilig sal word, sy Koninkryk sal kom en Sy wil sal geskied op die aarde soos in die hemel." / "That the Name of the Living Triune God be hallowed, His Kingdom come and His will be done on earth as it is in heaven."

(vi) Een Belydenisgrondslag / One Confessional Base

Bv. 'n Inklusiewe, gelykwaardige en breë grondslag van regsinnige belydenisse en verklarings van Reformatoriese aard en oorsprong om deur alle geloofsgemeenskappe gerespekteer te word as dat dit kosbaar en sinvol is vir sommige lede van die Liggaam / An inclusive, equal and broad base of orthodox confessions and declarations of Reformational nature and origin to be respected by all faith communities as dear and meaningful for some members of the body.

(vii) Een Verbondsverbintenis tussen gemeentes of geloofsgemeenskappe / One Covenant-commitment between congregations or communities

Bv. 'n duidelike, aanvaarde en vrywillig ondertekende ooreenkoms tussen alle deelnemende gemeentes om die grondslag en praktyk van die Liggaam te onderhou en te dien / a clear, accepted and voluntarily signed agreement between all the participating congregations to uphold and serve the foundation and practice of the Body.

(viii) Een Administratief-ondersteunende kapasiteit / One Administrative-supportive Capacity

Bv. die vestiging van 'n sentrale doelmatige kantoor opset met toegewyde personeel wat praktiese steundienste aan gemeentes verleen en die oorhoofse funksionering van die Liggaam administreer.

(ix) Een netwerk van effektiewe kommunikasie / One network of effective communication

Hier gaan dit oor die ontwikkeling en implementering van 'n effektiewe en eenvoudige kommunikasie strategie wat die bestaan, funksionering en diensbaarheid van die Liggaam na binne en na buite kommunikeer sodat dankbaarheid en energie deurgegee kan word.

(x) Een jaarlikse streeks en nasionale konsulerende byeenkoms van gemeentelike afgevaardigdes / One yearly regional and national consultation of congregational delegates

Bv. dat gemeenskappe in nabyheid van mekaar jaarliks 'n koinoniale 3 dag byeenkoms het t.w.v. versterking en viering van onderlinge verbondenheid en ook 'n groter nasionale byeenkoms vir onderlinge oorleg en inligting van die groter geheel van die Liggaam se dele se funksionering en om hulp en ondersteuning aan mekaar te bied.

(xi) Een bondige, eenvoudige en helder raamwerk van bemagtigende en praktiese grondreëls vir samewerking en onderlinge verantwoordelikheid / One simple and clear framework of empowering and practical ground-rules for cooperation and mutual responsibility.

Bv. dat 'n duidelike en bondige stel grondreëls en gedragskodes vir optrede en hoe die Liggaam aan mekaar verbonde is en ook waarvoor die lede verantwoordelikheid t.o.v. mekaar aanvaar, opgestel word.

3.5.4 Die Reformed Family Forum (RFF) kan 'n beginpunt wees

Die bestaande Reformed Family Forum (RFF) kan moontlik 'n beginpunt daarvoor wees. Die Reformed Family Forum (Encontro da Familia Reformada) is 'n forum/netwerk waarin die algemene sekretarisse of skribas van die susterkerke wat histories uit die sendingwerk van die NG Kerk ontstaan het, of noue historiese bande met die NG Kerk het, hulle onderskeie kerke verteenwoordig.

Dit bestaan op die oomblik uit die volgende 15 kerke:

1. Nederduitse Gereformeerde Kerk (Algemene Sinode, sowel as sekretarisse van Getuienisaksie (Wes-Kaapland) en Vennote in Getuienis (Vrystaat)
2. Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika
3. Reformed Church in Africa
4. Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika
5. Dutch Reformed Church in Botswana
6. Church in Central Africa Presbyterian (Nkhoma Synod-Malawi)

7. Church in Central Africa Presbyterian (Harare Synod – Zimbabwe)
8. Reformed Church in Zimbabwe
9. Reformed Church in Zambia
10. Nongo u Kristu u I Ser u sha Tar (NKST – Nigeria)
11. Igreja Reformada in Mozambique (IRM - Mpatso, Tumbine & Nova Synods)
12. Reformed Church of East Africa (RCEA - Kenia)
13. Swaziland Reformed Church
14. Die Igreja Evangélica Reformada de Angola (IERA – Angola)
15. Die Lesotho Evangelical Church in Southern Africa (LECSA – Lesotho) – is uitgenooi na 'n volgende byeenkoms.

3.6 DIE AMPTE VAN DIE KERK

Een van die belangrike aspekte van kerkwees wat ons saambind in een verband, is ons ampsbeskouing. Die Algemene Kuratorium het 'n verslag voorberei oor die ampte. Ons is tans in prosesse om nuut te dink oor die ampte, veral ook in die lig van die nuwe bane vir teologiese opleiding. Dit wil die leemte aanspreek dat ons histories nie genoeg beë het in die ontwikkeling van gelowiges vir hulle bediening nie. Die besinning oor die vernuwing en moontlike verbreding van die ampte in die kerk is belangrik in ons voortgaande besinning oor die aard van die kerkverband.


3.7 DIE PLEK EN FUNKSIE VAN DIE KERKORDE

Die kerkorde funksioneer nie 'n wet of reëlboek nie, maar as 'n manier om die kerk te help om sy missionale roeping te vervul.

Die kerkorde is ook 'n uitdrukking van die onderlinge ooreenkoms van die gemeentes en sinodes van die NGK.

'n Konsep Missionale Kerkorde is by die verslag van die Algemene Taakspan Regte aangeheg.

3.8 TERRY SE ACTION WHEEL help ons om te verstaan met watter verskillende komponente van die sisteem ons werk en hoe dit inmekaar pas. Dit laat ons raaksien watter fundamentele skuiwe moet plaasvind tov (i) Roeping/ visie; (ii) strukture en vorm, (iii) mag en (iv) mense en bronne.



Ons wil organisatoriese taal en selfverstaan vervang met organiese taal.
 Ons wil magstrukture vervang met verhoudings.

4. VOORSTELLE VIR DIE FUNKSIE EN STRUKTUUR VAN DIE ALGEMENE SINODE

4.1 DIE DOEL EN FUNKSIE VAN DIE ALGEMENE SINODE

Die Algemene Sinode is 'n sinode van 10 NGK sinodes in die lande van Suider Afrika wat saam op reis is met erkenning van mekaar se **diversiteit**. Ons gedeelde roeping en belydenis is die basis van ons eenheid, eerder as die uniformiteit van sinodes en gemeentes.

Die **verband** tussen die deelnemende sinodes is 'n geskenk wat God aan die kerk gee en is meer as ons samekomste en vergaderings. Dit is die gevolg van die werking van die Gees en lê in ons verbondenheid met Christus. Dit vind uitdrukking in ons gesamentlike aanbidding, gedeelde belydenis en ons gedeelde roeping in die lande waar die Here ons plaas en gebruik. Daarom bou ons aan ons onderlinge verhoudings, ons lewer onderlinge ondersteuning en vorm netwerke om ons roeping te realiseer.

Die Algemene Sinode staan in diens van die deelnemende sinodes met die oog daarop dat hulle weer die gemeentes en gemeenskappe in die sinodale gebiede kan dien.

Die Algemene Sinode hou gereelde samekomste waar ons eenheid en diversiteit, ons roeping en identiteit, ons belydenis en getuienis sigbaar **gevier** word.

Die Algemene Sinode skep **netwerke** met die oog op konsultasie, onderlinge en ekumeniese ondersteuning, geloofsonderskeiding en sinergie ten opsigte van ons roeping en getuienis.

Die Algemene Sinode lewer **publieke getuienis** vanuit die kerk se roeping in die lande van Suider Afrika. In sy verskillende werksaamhede funksioneer die Algemene Sinode 'n **teologiese dinktenk** waar ons luisterend onderskei, sinkroniseer, inspireer en teruggee aan die sinodes om selfstandig met ons roeping te handel.

Die Algemene Sinode neem geloofsonderskeidende **besluite** oor sake van gemeenskaplike belang ten opsigte van roeping, belydenis, publieke getuienis, teologiese opleiding, ekumene en die kerkorde.

Die Algemene Sinode as geloofsonderskeidende liggaam onderskei die **bedieningsprioriteite** binne die mandaat van Art 43 waarop daar in die reses gefokus word.

Die Algemene Sinode **bemagtig die ASM** om gevolg te gee aan die bedieningsprioriteite wat die Algemene Sinode onderskei.

Die funksie en werkswyse van die Algemene Sinode word in die voorgestelde Artikel 43 en die gepaardgaande reglement vervat.

4.2 DIE FUNKSIES VAN DIE ALGEMENE SINODE WORD BEPAAL IN ART 43 VAN DIE KERKORDE

Aan die einde van hierdie verslag (punt 5) word twee konsepte gegee van hoe Artikel 43 in die lig van hierdie verslag herskryf sou kon word.

4.3 SAMESTELLING VAN DIE ALGEMENE SINODE

Die Algemene Sinode kom elke vier jaar bymekaar om uitdrukking te gee aan die funksies van die AS.

Die Algemene Sinode bestaan uit 370 afgevaardigdes wat soos volg saamgestel word:

- 200 sinodale afgevaardigdes waarvan 100 verkieslik jonger as 40 jaar moet wees.
- Sinodes word versoek om geslagsdiversiteit in ag te neem in die saamstel van hulle afvaardiging.
- Die eerste 100 en die 100 jong afgevaardigdes word gelykop verdeel onder die sinodes (10 leraars en 10 kerkraadslede) die res (160) word pro rata vasgestel volgens die grootte (lidmaatgetalle) van die sinodes.

- Die Algemene Dosenteraad wys 10 afgevaardigdes met volle sittingsreg aan. Hierdie persone word deur die betrokke sinodes afgevaardig en addisioneel bygetel by die getal afgevaardigdes uit die betrokke sinodes.
- Die Algemene Sinode bestaan so na as prakties moontlik uit 'n gelyke getal leraars en kerkraadslede.
- Die Algemene Sinode is 'n geleentheid en ruimte waar die kerklike maatskappye (BM, CLF, Hugenote Kollege, KMDR) as selfstandige vennote saam kan onderskei en kan bekendstel op watter maniere hulle die kerk in sy roepingsvervulling kan ondersteun. Die maatskappye wys elk 'n verteenwoordiger aan om die sitting by te woon.
- Verteenwoordigers het spreekreg maar nie stemreg nie.

Wat die toekoms betref, kan die moontlikheid om die Algemene Sinode ringsgewys saam te stel, oorweeg word. Die taakspan oordeel verder dat ons moet oorweeg om die kerkverband saam te stel aan die hand van die munisipale distrikte van Suider Afrika.

4.4 DIE FUNKSIONARISSE VAN DIE ALGEMENE SINODE EN ASM

Die funksionaris wat die vergadering van die Algemene Sinode en die ASM lei, bestaan uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, die kerkregkundige en 3 addisionele lede. Die algemene sekretaris dien ex officio. Beide geslagte moet verteenwoordig word en ten minste een persoon moet 'n nie-gelegetimeerde wees.

Die verkiesbare funksionaris is een maal in die bepaalde funksie herkiesbaar.

Die **ASM** verkies sy eie funksionaris. Hierdie funksionaris vorm die dagbestuur van die ASM en dien tot aan die einde van die volgende vergadering van die AS.

4.5 WYSE VAN VERGADERING

Die wyse waarop die Algemene Sinode vergader moet die breë kerk inspireer tot die vervulling van die roeping van die NG Kerk in Suider-Afrika.

Hier vind oefening in geloofsonderskeiding, terugvoer oor sake wat na die ASM verwys is en teologiese nadenke plaas.

Prosesse moet maksimale deelname en interaksie bevorder.

Vergaderingsprosesse is primêr geloofsonderskeidend van aard. Hierdie prosesse loop uit op die formulering van oortuigings, getuïenisse, inspirasie, koördinerende, advies en impulse na die groter sisteem. Waar nodig word dit in besluite geformaliseer binne die raamwerk van Art 43.

Etiese kwessies en kontensieuse sake op die sinode se agenda wat potensieel verdelend kan wees, moet in konsulerende prosesse met die deelnemende sinodes opgeneem word. Die ASM moet hierdie prosesse ontwerp en lei en die toepaslike taakspanne van die Algemene Sinode moet hierin betrek word.

Die byeenkoms van die Algemene Sinode het ook 'n ondersteunende funksie waar sinodes saam luister en geïnspireer word in hulle nadenke oor hulle eie roeping.

Die ASM wys 'n span aan om hierdie byeenkoms te ontwerp en die funksionaris ter vergadering by te staan.

Die vergaderings van die Algemene Sinode is oop vergaderings en reëlings word getref om maksimale toegang tot die verrigtinge te verseker, byvoorbeeld deur video streaming.

4.5 BESLUITNEMING: UITGANGSPUNTE

Die Algemene Sinode fasiliteer ruimtes by al sy byeenkomste (dit sluit in: die sinode in sitting, die ASM, die moderatuur, taakspanne en werkgroepe) waarbinne nadenke en geloofsonderskeiding kan plaasvind, eerder as om besluite te neem.

Geloofsonderskeiding vind plaas aan die hand van die Woord, in gebed, luister na mekaar, luister na ander, luister na die Gees.

Die Algemene Sinode formuleer adviese en lewer getuienisse waarmee die kerk in sy verskillende gestaltes kan handel.

Uitkomste van die Algemene Sinode gaan slegs oor die roepingsprioriteite waaruit die ASM fokusareas vasstel en waarmee die taakspanne verder werk.

Die Algemene Sinode dien as 'n forum waar daar saam gedink word, maar neem nie besluite vir streeksinodes of gemeentes nie.

Die Algemene Sinode hanteer nie sake wat deur ander vergaderings van die kerk (sinodes, ringe, gemeentes) hanteer kan word nie. Sinodes en gemeentes neem hulle eie besluite binne hulle eie konteks.

Die bedryfsake van die Algemene Sinode word deur die ASM hanteer.

4.5.1 ETIESE SAKE

Die Algemene Sinode skryf nie aan gemeentes of sinodes voor hoe om etiese sake te hanteer nie.

Die Algemene Sinode dien as 'n ruimte waarbinne gesamentlike etiese nadenke en gesprek kan plaasvind.

Die Algemene Sinode versamel kundigheid en ontwikkel konsep denkraamwerke wat sinodes en gemeentes kan help om geloofsonderskeidend oor etiese sake te besin.

ATLAS het soos volg besin soos volg oor etiese besluitneming (uit die verslag van ATLAS)

Tydens die 2018 vergadering het ATLAS die uitdaging geformuleer om 'n goeie proses vir etiese besluitneming te ontwikkel. So 'n proses veronderstel egte gesprek in plaas van om bloot te sê wat ons self reeds dink. Dit veronderstel ook dat ons in die gesprek eerlik probeer verstaan wat die verskeidenheid van motiverings, beredenerings en perspektiewe is. Met so 'n benadering wil ons 'n sinvolle en effektiewe raamwerk ontwikkel waarbinne ons kan beweeg tot geldige en aanneemlike uitkomst. Ons sal moet besin oor die vraag hoe ons 'n ruimte skep vir luister en gesprekvoering, vir heen-en-weer terugvoer waarin elkeen sy of haar siening onbevange mag stel, en elkeen se standpunt inderdaad sy of haar standpunt is en nie my weergawe daarvan nie.

Binne hierdie ruimte is die oogmerk 'n geloofwaardige lees van die Bybel - nie die enigste of dié korrekte nie, maar een wat getuig van aanneemlikheid, egtheid en integriteit. Ons streef uiteindelik in 'n konsensus-soekende proses nié na kompromie nie, maar na geldigheid.

In kort:

- Eerder as om standpunte te formuleer, word getuig oor perspektiewe;
- Eerder as om besluite te neem, word oortuigings geformuleer;
- Eerder as om te veg vir eie standpunte, word voorveronderstellings op die tafel geplaas;
- Eerder as om op euwels te reageer, word Jesus gevolg;
- Eerder as om vir elke situasie 'n antwoord te gee, gaan sit ons met elke mens in 'n pastorale ruimte;
- Eerder as om geleerde antwoorde in 'n ontologiese denkraamwerk "van bo af" te bied, help ons die gewone leser om in 'n dinamiese proses en konkrete situasie self ook te kan onderskei.

Indien die vraag nie is "Wat is waarheid?" nie, maar "Wie is waarheid?" en "Vir wie is die waarheid?", is ATLAS se rol om die kerk te bemagtig om self binne die verhoudings waarin hulle staan, te praat en te besluit. Ons moet dus eerder sinodes in nederigheid bedien met gereedskap vir onderskeiding waarmee gemeentes self kan werk.

'n Paar dinge is tydens 'n voorlegging by die ASM helder beklemtoon.

(i) Ons neem die Bybel as God se Woord ernstig in ons etiese besinning;

(ii) Ons moet ruimte en veiligheid skep om mét mense wat geraak word in spesifieke situasies te praat, in plaas van bloot oor sake;

(iii) Ons moet meganismes ontwikkel om ons voorveronderstellings dapper op die tafel te kan plaas.

Die saak is by die 2019 ATLAS-vergadering weer bespreek. ATLAS is oortuig dat indien ons as 'n taakspan die waarheid vas probeer neerlê vir mense, ons hulle nie help nie. Ons moet hulle eerder help om te groei in die vaardigheid om met die waarheid om te gaan, en om eties om te gaan met baie belangrike vraagstukke van die lewe.

Tydens die sinodesitting sal ons 'n **konsep raamwerk vir etiese onderskeiding in gemeentes** voorlê en vra dat die sinode dit bespreek en terugvoer gee.

4.6 AGENDAVORMING

Die agenda van die Algemene Sinode word vanuit insette van die sinodes en taakspanne gevorm.

Elke Algemene Sinode vergadering word voorafgegaan deur 'n proses van konsultasie met die samestellende sinodes en taakspanne om hulle voorstelle en insette vir die opkomende vergadering se agenda te verkry.

Die agenda handel slegs met sake binne die raamwerk van art 43.

Die ASM stel die agenda van die Algemene Sinode vas na aanleiding van die insette van die sinodes en taakspanne, in 'n geloofsonderskeidende proses.

4.7 BEPALING VAN ROEPINGSPRIORITEITE EN FOKUSAREAS

Die Algemene Sinode herbevestig die missionale roeping van die NG Kerk naamlik om 'n kerk te wees wat by God Drie-enig, wat reeds in die wêreld aan die werk is, aansluit.

Die Algemene Sinode onderskei geloofsonderskeidend die roepingsprioriteite waarop in die reses deur die ASM en taakspanne gefokus moet word.

Hierdie proses van geloofsonderskeiding kan soos volg verloop:

- Geloofsonderskeidende prosesse wat deurlopend in die prosesse van die vergadering ingebou is.
- 'n Intensionele proses waarin die vergadering geloofsonderskeidend nadink oor die roepingsprioriteite van die kerk.
- Die ASM hanteer die roepingsprioriteite verder en stel geloofsonderskeidend vas wat is die fokusareas vir die volgende termyn.

Taakspanne word in die lewe geroep om die hierdie fokusse te dien.

Die fokusareas van die Algemene Sinode word weerspieël in die toekennings in die begroting. Die ATFB sien toe dat die fokusareas die nodige finansiële kapasiteit het om hulle werk te doen.

Die Algemene Sinode kan geen sake na die ASM verwys wat nie binne die raamwerk van die opdrag van die Algemene Sinode volgens art 43 val nie.

Vergaderingsiklus

- Die Algemene Sinode in vergadering beoefen geloofsonderskeiding om bedieningsprioriteite te bepaal
- Die ASM sit hierdie bedieningsprioriteite om in bedieningsfokusse met die oog op die werk van die Algemene Sinode in reses.
- Die ASM roep taakspanne in die lewe om die fokusse te dien.
- Die ASM besluit oor die wyse waarop die taakspanne saamgestel word (sinodale verteenwoordiging en / of kundiges).
- Die werk van die ASM loop uit op die volgende groot byeenkoms van die Algemene Sinode waar ons vier wat gebeur het, na mekaar luister, saam onderskei wat God se roeping vir die NGK in ons lande is.
- Die agenda van die Algemene Sinode vergadering word bepaal vanuit die terugvoer en behoeftes van die sinodes.

4.9 KERKORDE

Die Kerkorde moet herskryf word. Die ATR word versoek om leiding te neem in die herskryf van die kerkorde, met volle inagneming van die werk wat gedoen is ten opsigte van die missionale roeping en voorstelle vir die kerkverband. As 'n missionale kerkorde moet dit uitdrukking gee aan die onderlinge ooreenkoms tussen die sinodes en aan die missionale roeping van die kerk.

Die kerkorde is nie 'n juridiese dokument nie, maar 'n teologies-etiese dokument wat as konstitusie dien en waarin die kerk se selfverstaan en roeping verwoord word.

Totdat 'n nuwe kerkorde tot stand kom, is dit noodsaaklik dat die huidige kerkorde reeds groter soepelheid vertoon om ruimte te skep vir die diversiteit van die NG Kerk en die reg van gemeentes en sinodes om oor eie sake te besluit.

Praktiese reëlins tog die kerkorde

Die Kerkorde kan slegs deur die Algemene Sinode in sitting gewysig word. Reglemente van die Algemene Sinode kan wel deur die ASM gewysig word, uitgesluit die reglemente van die Algemene Sinode en ASM self.

Die kerkregkundige en ATR het nie jurisdiksie oor sinodes se handeling en besluite nie maar kan as 'n adviesliggaam vir sinodes funksioneer.

Die kerkregkundige sien toe dat die Algemene Sinode en ASM binne die raamwerk van Art 43 funksioneer.

Die ATR sien toe dat, waar van toepassing, die kerk se burger- en gemeenregtelike sake volgens die landswette geskied.

Die ASM sien toe dat kerklike sake volgens die Woord van God en op kerklike wyse hanteer word.

**Vergaderingsprosesse word in die REGLEMENT VAN ORDE uiteengesit.
Die ASM word versoek om toe te sien dat die reglement van orde hersien word sodat dit uitdrukking gee aan die veranderinge wat die sinode goedkeur.**

4.10 FUNKSIONERING EN SAMESTELLING VAN DIE ASM

Die Algemene Sinode Moderamen (ASM) is die gevolmagtigde liggaam wat die werk van die Algemene Sinode volgens Art 43 in die reses voortsit, met die volgende beperkings:

Die ASM kan nie die belydenisgrondslag soos verwoord in Art 1 of die kerkorde wysig nie.

Die ASM kan nie die roepingsprioriteite wat deur die Algemene Sinode onderskei, wysig sonder deeglike konsultasie met die samestellende sinodes nie.

4.10.1 SAMESTELLING VAN DIE ASM

Die ASM konstitueer binne 3 maande na 'n Algemene Sinode vergadering en vergader minstens 1 maal per jaar.

Die ASM word saamgestel uit 5 verteenwoordigers (met secundi) van elke sinode waarvan ten minste een 'n nie-gelegitimeerde persoon en een 'n vrou moet wees, die Algemene Sekretaris en Algemene Bestuurder (ex officio).

Die ASM kan voorsitters van taakspanne koöpteer soos nodig vir die vervulling van die roeping.

Voorsitters van direksies van die kerklike ondernemings het waarnemerstatus.

Sinodes word versoek om diversiteit ten opsigte van ouderdom en geslag in ag te neem by die samestelling van hulle verteenwoordiging. Dit staan sinodes vry om op hulle eie koste meer as 5 persone as waarnemers na vergaderings van die ASM te stuur.

Elke sinode stel sy eie verteenwoordiging saam met inagneming van bogenoemde.

Ter wille van kontinuïteit word sinodes versoek om hulle verteenwoordigers vir die volle termyn tussen sinodevergaderings aan te wys.

Indien 'n sinode se verteenwoordiger se termyn in die leierskap van daardie sinode verstryk binne die termyn van die ASM, moet die sinode besluit of hierdie persoon lid van die ASM bly.

Wanneer 'n predikant aftreeouderdom bereik / finaal uit kerklike diens tree, verstryk sy/haar sittingsreg op die ASM en taakspanne van die AS.

4.10.2 LEIERSKAP VAN DIE ASM

Die ASM wys 'n dagbestuur aan wat bestaan uit 7 persone: 'n voorsitter, ondervoorsitter, 3 addisionele lede, die kerkregkundige van die Algemene Sinode (ampshalwe) en die Algemene Sekretaris (ampshalwe).

Die kerkregkundige van die Algemene Sinode word deur die ASM aangestel.

Die mandate van die dagbestuur van die ASM en die Algemene Sekretaris en Algemene Bestuurder moet in die reglement van die ASM beskryf word. Hierin word die omskrewe verantwoordelikhede, werkterreine, skeiding van regte en mandate, verslagdoening en toesigfunksies uiteengesit.

Die skribaats van die ASM word deur die kantoor van die Algemene Sinode hanteer.

4.10.3 FUNKSIONERING VAN DIE ASM

Die ASM funksioneer as 'n **werksvergadering** waar die leierskap van sinodes en voorsitters van taakspanne bymekaarkom om die werk wat op die terrein van die Algemene Sinode val, voort te sit.

Die ASM funksioneer as 'n **luistervergadering** waar ons luister na die stories van die deelnemende sinodes onderweg na hulle roepingsvervulling.

Die ASM **motiveer en ondersteun** die sinodes.

s om te volhard met hulle roeping soos wat elkeen dit onderskei het. Die ASM het ook die funksie van onderlinge ondersteuning vir die leierskap van die sinodes.

Die ASM bepaal **strategiese fokusareas** vir die voortgaande werk van die Algemene Sinode aan die hand van die bedieningsprioriteite wat deur die Algemene Sinode bepaal is.

Die ASM roep **taakspanne** in die lewe om uitvoering te gee aan die roepingsprioriteite wat die Algemene Sinode geïdentifiseer het. Die ASM dien ook as punt van koördinering, sinkronisasie en verslagdoening tov die voortgaande werk (art 43 funksies) van die taakspanne van die Algemene Sinode.

Die ASM besluit watter taakspanne moet sinodaal saamgestel word.

Die ASM roep 'n **koördineringspan** tussen die sinodes saam waar die operasionele funksies van die kerk, wat in die sinodes plaasvind, met mekaar gedeel, gekoördineer en van waar inligting gedissemineer word. Elke sinode wys 'n verteenwoordiger, wat met die operasionele werk van die sinode besig is (verkieslik 'n PSD), op hierdie span aan. Die Algemene Bestuurder dien ex officio as sameroeper van hierdie span.

Die ASM neem finale verantwoordelikheid vir die organisatoriese en logistieke kant van die AS. Die **bedryfsake** (personeel, finansies en eiendom) van die Algemene Sinode word deur die bedryfspan hanteer en met verslag aan die ASM afgehandel.

In die samestelling van taakspanne wat die bedryfsake van die Algemene Sinode bestuur, moet uitvoering gegee word aan die King IV verslag wat bepaal dat die volgende faktore in ag geneem moet word:

- toepaslike kombinasie van kennis, vaardighede en ervaring;
- toepaslike kombinasie van uitvoerende, nie-uitvoerende en onafhanklike nie-uitvoerende lede;
- voldoende aantal lede wat kwalifiseer om op komitees te dien;
- kworum by vergaderings;
- regulerende vereistes;
- diversiteitsteikens met betrekking tot samestelling.
- moontlike botsing van belange

“A governing body whose members are appointed as representatives of constituents, donors or other stakeholders, of the NPO should be especially proactive in managing potential and actual conflicts. Conflicts of interest exists when there is tension between multiple competing personal and financial interests. This usually manifests in the entanglement of the private and professional interests of the individual.”

4.10.4 EKUMENE

‘n Taakspan vir ekumeniese sake wat bestaan uit kundiges en betrokkenes word deur die ASM aangewys. Hierdie taakspan se lede het die mandaat om die NGK in ekumeniese byeenkomste te verteenwoordig. Die Algemene Sekretaris tree ex officio op as voorsitter en bestuurder van die taakspan se werksaamhede.

4.10.5 OMBUDSFUNKSIE VAN DIE ASM

Die ASM wys 'n onafhanklike liggaam aan wat as die ombudsfunksie vir die werksaamhede van die AS, die ASM en taakspanne optree.

Die ombudsfunksie bestaan uit 4 persone: 3 onafhanklik en een uit die kerklike strukture wat adviserend ten opsigte van die saak kan optree.

Die ombudsfunksie het nie 'n deurlopende rol nie maar hanteer klagtes en dispute wanneer dit na vore kom.

'n Waardestel moet opgestel word om as filter te dien waarvolgens beoordeel word of sake na die ombudsfunksie verwys moet word.

Die volgende is tipiese sake wat deur die ombudsfunksie hanteer word:

- Of die AS, ASM of taakspanne binne sy eie reëls en mandate optree.
- Die uitklaar van rolle.
- Kwessies oor etiese leierskap.
- Of daar volgens administratief- en gemeenregtelike beginsels opgetree word.
- Of daar binne die grondwet opgetree word.

Die 3 onafhanklike persone maak beslissings met aanbevelings oor verdere optrede ten opsigte van sake wat voor hom gebring word. Dit het ook 'n funksie van mediasie tussen die partye.

Die ASM kry die opdrag om hierdie funksie en prosesse finaal te beskryf en in werking te stel.

4.10.6 PUBLIEKE ROL VAN DIE KERK

Die Algemene Sekretaris is die gevolmagtigde wat die kerk se skakeling met die media en die owerheid hanteer.

Die ASM wys 'n taakspan onder voorsitterskap van die Algemene Sekretaris aan wat die publieke getuienis van die kerk en skakeling met die owerheid hanteer (KO Art 76.4).

Die publieke getuienis funksie van die Algemene Sinode is beperk tot sake wat die getuienis van die kerk op nasionale en internasionale vlak raak.

4.11 TAAKSPANNE

Die taakspanne van die Algemene Sinode dien as ruimtes waarbinne deelnemende sinodes geloofsonderskeidend saamdink oor sake van gemeenskaplike belang.

Taakspanne ontwikkel kundigheid wat die kerk ten goede kan kom.

Taakspanne kan advies aan sinodes of vergaderings gee maar nie voorskryf nie.

Taakspanne mag slegs binne hulle mandaat optree en een taakspan heers nie oor ander nie.

Taakspanne doen verslag aan die ASM oor die werk wat hulle doen. Die ASM neem die uitsette van die werk wat die taakspanne doen, terug na die volgende Algemene Sinode vergadering.

4.11.1 TAAKSPANNE - SAMESTELLING

Taakspanne wat handel met die fokusse van die Algemene Sinode word saamgestel uit persone wat deur die sinodes aangewys word.

Die ASM kan, ter wille van die getuienis van die kerk, taakspanne in die lewe roep wat nie direk voortvloei uit die bedieningsprioriteite wat tydens die Algemene Sinode in sitting onderskei is nie. Die leierskap van die sinodes, soos afgevaardig na die ASM, neem hieroor die nodige besluite.

Taakspanne kan kundigheid koöpteer in oorleg met die ASM en die Bedryfspan (vir begrotingsdoeleindes).

Taakspanne wat gemoeid is met die interne bedryf van die Algemene Sinode moet so saamgestel word dat die nodige kundigheid in die taakspanne aanwesig is. Hierdie taakspanne moet so saamgestel word dat die moontlike konflik van belange (die belange van streeksinodes en belange van die AS) in ag geneem en bestuur word (King iv verslag).

Die aantal permanente taakspanne van die Algemene Sinode waarop 'n persoon mag dien, word beperk tot 2. Dit sluit die ASM uit.

Die Algemene Bestuurder konsulteer met sinodes indien daar vakatures op taakspanne ontstaan.

Taakspanne moet hulle eie reglemente hersien aan die hand van hierdie beginsels.

Die Algemene Bestuurder help taakspanne om hulle werk te koördineer en te organiseer.

4.12 TOEPASLIKE FASILITEITE

Die Algemene Sinode in sitting moet toeganklik wees vir die hele kerk. Dit kan gedoen word via video-stroom op die internet.

Vanweë die geografiese uitgestrektheid van die NGK en ter wille van breë deelname moet fasiliteite ontwikkel word sodat taakspanne virtuele vergaderings kan hou.

4.13 DIE VERHOUDING VAN DIE ALGEMENE SINODE EN SAMESTELLENDEN SINODES

Die kerk funksioneer in ses interafhanklike gestaltes: (i) in die amp van die gelowige, (ii) as gemeentes, (iii) ringe, (iv) in streke as sinodes, (v) internasionaal as die Algemene Sinode en (vi) ekumenies oor die grense van denominasies.

Ons aanvaar die beginsel dat 'n meerdere vergadering of sy funksionaris nie heers oor 'n mindere vergadering nie. Met funksionaris se bedoel ons verkose leiers, betaalde amptenare en taakspanne wat 'n bepaalde funksie het om te vervul.

Die Algemene Sinode dien as 'n punt van koördinering waar ons saam luister, werksaamhede sinkroniseer, mekaar inspireer en dan teruggee aan die sinodes om selfstandig met ons roeping en sake te handel.

Gemeentes rapporteer nie aan sinodes nie, sinodes rapporteer aan gemeentes oor die werk wat gedoen is in diens van gemeentes en met hulle geld. Net so rapporteer die streeksinodes nie aan die Algemene Sinode nie, die Algemene Sinode rapporteer aan die streeksinodes.

Sinodes besluit self oor hulle eie organisasie en die funksionaliteit van die kerkverband in streke of ringe. Die sinodes beskryf ook die funksies van die ringe / streke volgens hulle eie organisasie model. Primêre funksies van die tussenvlak kerkverband is visitasie, advies en opsig oor gemeentes; die stig, samesmelting en ontbinding van gemeentes; hantering van appêlsake; organiseer van gesamentlike werk; die opsig oor en tug van ampsdraers en aanwys van konsulente.

Die Sinode versoek die ATR om die woord “naburige” te skrap in Artikel 29 van die KO.

4.14 DIE HANTERING VAN DIVERSITEIT IN DIE KERK

Ons aanvaar dat diversiteit nog altyd ‘n kenmerk van die gereformeerde tradisie is. Dit is ‘n gawe van God wat die identiteit van die NG Kerk verryk. Hierdie diversiteit word weerspieël in liturgie, musiek, die hermeneutiek van die Bybel en die belydenisskrifte, spiritualiteit, gemeentelike organisasie, die verstaan en uitleef van die plaaslike roeping en getuienis.

Diversiteit beteken dat meervoudige beskouings oor en benaderings tot ‘n aangeleentheid moontlik is, maar nie onbeperkte moontlikhede nie. Pluralisme is nie gelyk aan relativisme nie.

Dit lê op die terrein van die samestellende sinodes om die gesprek oor diversiteit in hulle eie konteks te voer en die buitenste grense daarvan vas te stel en te bestuur.

Ons belydenisgrondslag speel ‘n belangrike rol in die gesprek oor diversiteit. Die omarming van diversiteit moenie beteken dat ons gereformeerde identiteit prysgegee word nie.

In die gesprekke oor diversiteit reis ons saam en werk ons met die waardes van luister na mekaar, respek, om mekaar te omarm en lief te hê.

5. KONSEPTE VIR ‘N NUWE ARTIKEL 43 EN REGLEMENT 1

5.1 Hoe sou ARTIKEL 43 kon lyk in die lig van die verslag?

Hieronder volg 2 konsepte vir ‘n nuwe Artikel 43. Die eerste behou grootliks die huidige Artikel 43 met bepaalde wysigings. Die tweede konsep is ‘n herskrywing.

5.1.1 Konsep 1: Artikel 43 met wysigings

Artikel 43

- 43.1 Tot die taak en funksie van die Algemene Sinode behoort
 - 43.1.1 dit wat uitdrukking gee aan die Kerk se gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, Belydenis, Kerkorde, roeping en beleid;
 - 43.1.2 dit wat die Kerk se nasionale en internasionale ekumeniese verhoudinge raak;
 - 43.1.3 dit wat die Kerk se publieke getuienis op nasionale en internasionale gebied raak (vergelyk Artikel 67.4 van die Kerkorde);
 - 43.1.4 die viering van die Kerk se onderlinge verbondenheid, eenheid en diversiteit;
 - 43.1.5 die bevordering van sinergie tussen samestellende sinodes ten opsigte van roeping en getuienis
 - 43.1.6 die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word;

- 43.1.7 die vasstelling van die Belydenisskrifte ooreenkomstig Artikel 44, die Kerkorde, die liturgiese formuliere en gebruike, die liederebundel(s) en die liturgiese grondlyne vir eredienste;
- 43.1.8 die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die predikante;
- 43.1.9 die administrasie van vaste eiendom en fondse van die Algemene Sinode ;
- 43.1.10 die oorsig en instandhouding van 'n konstruktiewe werksverhouding met die kerklike maatskappye naamlik Bybel-Media, CLF en Hugenote Kollege. ;
- 43.1.11 die hantering van appèlsake wat voor die Algemene Sinode gebring word.
- 43.2 Die ASM sien toe dat die operasionele werk van die Algemene Sinode tot uitvoer gebring word.

5.1.2 Konsep 2: 'n Herskrywing van Artikel 43.

43.1 Tot die verantwoordelikhede van die Algemene Sinode behoort die volgende:

43.1.1 om in die lig van die Bybel en ons belydenisgrondslag, te getuig van die eenheid, missionale roeping en onderlinge verbondenheid van die kerk.

43.1.2 die vasstelling van die Belydenisgrondslag van die kerk ooreenkomstig Artikel 44 en die Kerkorde;

43.1.3 Kuratorskap van die werksaamhede wat die tien NG Kerke aan hom opdra ten opsigte van:

- nasionale en internasionale ekumeniese verhoudinge
- publieke getuienis op nasionale en internasionale gebied
- aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik
- die formele vereistes vir die opleiding van die predikante
- die oorsig en instandhouding van 'n konstruktiewe werksverhouding met die kerklike maatskappye naamlik Bybel-Media, CLF en Hugenote Kollege.
- die bestuur en administrasie van die Algemene Sinode se eiendom en fondse

43.1.4 Die Algemene Sinode in vergadering funksioneer as 'n ruimte waar:

- geloofsonderskeidend gesoek word na die wil van God vir die kerk in ons diverse kontekste
- sinergie ten opsigte van roeping en getuienis gesoek word
- teologies nagedink en saam geluister word na die Woord en die Gees
- inspirasie geput en aangegee word na sinodes om selfstandig daarmee te handel in die raamwerk van hulle eie roeping en konteks
- netwerke ontwikkel word met die oog op onderlinge ondersteuning

43.2 Die agenda van die Algemene Sinode word bepaal deur die sake in 43.1.1-43.1.4

43.2.1 Die Algemene Sinode hanteer nie sake wat deur die samestellende sinodes of gemeentes hanteer kan word nie.

43.2.2 Die agenda van die Algemene Sinode word saamgestel uit sake wat deur die sinodes verwys word, met dien verstande dat dit nie die mandaat in 43:1.1 – 43.1.4 oorskry nie.

5.2 'N KONSEPREGLEMENT SOOS GESIEN DEUR DIE LENS VAN DIE VERSLAG

REGLEMENT VIR DIE FUNKSIONERING VAN DIE ALGEMENE SINODE

1. NAAM

Die Algemene Sinode van die NG Kerk van Suid-Afrika.

2. VERGADERINGS

2.1 Die vergadering van die Algemene Sinode is 'n viering van die eenheid en identiteit van die NG Kerk.

2.2 Die vergadering van die Algemene Sinode gaan geloofsonderskeidend om met die sake op die agenda.

2.3 In die termyn tussen gewone vergaderings van die Algemene Sinode funksioneer die Algemene Sinodale Moderamen as 'n werksvergadering waar die operasionele- en bedryfsake van die Algemene Sinode behartig word.

3. SAMESTELLING EN FREKWENSIE VAN VERGADERINGS

3.1 Die Algemene Sinode vergader elke vier jaar.

3.2 Die vergadering van die Algemene Sinode bestaan uit 'n maksimum van 370 afgevaardigdes wat sover moontlik saamgestel word uit 'n gelyke aantal predikante en kerkraadslede.

3.2.1 200 afgevaardigdes wat uit 20 persone per samestellende sinode saamgestel word, waarvan die helfte verkieslik jonger as 40 jaar moet wees.

3.2.3 160 afgevaardigdes word proporsioneel volgens die aantal belydende lidmate van elke samestellende sinode aangewys.

3.2.4 Die Algemene Dosenteraad wys 10 afgevaardigdes met volle sittingsreg aan. Hierdie persone word addisioneel bygetel by die getal afgevaardigdes uit die betrokke samestellende sinodes.

3.2.2 Diversiteit ten opsigte van geslag en ouderdom word in ag te neem met die saamstelling van afvaardigings.

4. AGENDAVORMING

4.1 Die vorming van die agenda geskied vanuit die samestellende sinodes, die Algemene Sinodale Moderamen, asook die permanente taakspanne van die Algemene Sinode.

4.2 Elke vergadering van die Algemene Sinode word voorafgegaan deur 'n konsultasieproses met die samestellende sinodes en taakspanne van die Algemene Sinode om voorstelle en insette vir die agenda te verkry.

4.3 Die Algemene Sinodale Moderamen stel die agenda in 'n geloofsonderskeidende proses vas na aanleiding van die insette van die samestellende sinodes en taakspanne van die Algemene Sinode.

4.4 Die agenda handel slegs oor sake binne die raamwerk van artikel 43 van die Kerkorde.

5. FUNKSIONERING

5.1 Wyse van vergadering

5.1.1 Vergaderings word ingerig om maksimale deelname en interaksie van afgevaardigdes te verseker.

5.1.2 Vergaderings geskied geloofsonderskeidend op soek na konsensus. Hierdie proses van geloofsonderskeiding kan soos volg verloop:

5.1.2.1 geloofsonderskeidende prosesse tydens die vergadering.

5.1.2.2 doelgerigte prosesse waar die insette óf formeel gelewer word óf uit die vergadering gevra word.

5.1.3 Stemming vind slegs plaas as dit absoluut noodsaaklik is en die vergadering self daarvoor besluit het.

5.2 Bepaling van fokusareas

5.2.1 Die vergadering onderskei roepingsprioriteite van die kerk wat in die reses deur die Algemene Sinodale Moderamen en taakspanne tot uitvoering gebring moet word.

- 5.2.2 Die Algemene Sinodale Moderamen gaan geloofsonderskeidend met die roepingsprioriteite om en bepaal die fokusareas vir die volgende termyn.
- 5.2.3 Die Algemene Sinode verwys slegs sake na die ASM wat binne die raamwerk van artikel 43 van die Kerkorde val.

5.3 Besluitneming

- 5.3.1 Besluitneming geskied aan die hand van geloofsonderskeidende, inklusiewe en konsulerende prosesse met die oog op konsensus.
- 5.3.2 Die Algemene Sinode in sitting se besluitnemingsmandaat strek tot:
 - 5.3.2.1 sake van gemeenskaplike belang ten opsigte van roeping, belydenis, publieke getuienis, teologiese opleiding, ekumene, kerkorde. (sien artikel 43 van die Kerkorde)
 - 5.3.2.2 eie bedryfsake wat nie na die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) gedelegeer is nie.
- 5.3.3 Die vergadering stem slegs oor 'n besluit as dit absoluut onafwendbaar geword het en die vergadering self so oordeel.

5.4 FUNKSIE VAN ALGEMENE SINODE

- 5.4.1 Die Algemene Sinode is nie 'n beleidsvoorskriftelike sinode nie.
- 5.4.2 Die Algemene Sinode en sy taakspanne doen navorsing en beoefen inklusief konsulerende gesprek en gemeenskaplike denke wat sinodes en gemeentes help om eie beleid te vorm.
- 5.4.3 Die Algemene Sinode en sy taakspanne dien as adviesraad vir die samestellende sinodes ten opsigte van bepaalde beleidsake: kerkorde, predikantesake, arbeidsreg.
- 5.4.4 Die Algemene Sinode motiveer en ondersteun die sinodes in die uitvoering van hulle roeping.

6. ALGEMENE SINODALE MODERAMEN (ASM)

6.1 Samestelling

- 6.1.1 Vyf primarius verteenwoordigers met sekundi van elke samestellende sinode, waarvan ten minste een 'n vrou en een 'n nie-gelegitimeerde moet wees.
- 6.1.2 Voorsitters van taakspanne kan deur die ASM gekoöpteer word.
- 6.1.3 Voorsitters van direksies van die kerklike maatskappye
- 6.1.4 Algemene Sekretaris en Algemene Bestuurder (ex officio)

6.2 Funkisionarisse

- 6.2.1 Die ASM wys 'n dagbestuur aan wat bestaan uit 7 persone: 'n voorsitter, ondervoorsitter, 3 addisionele lede, die kerkregkundige van die Algemene Sinode (ampshalwe) en die Algemene Sekretaris (ampshalwe).
Die kerkregkundige van die AS word deur die ASM aangewys.
- 6.2.2 Daar moet ten minste een vroulike lid en een nie-gelegitimeerde op die dagbestuur dien.
- 6.2.3 Die dagbestuur dien tot aan die einde van die opvolgende gewone sitting van die Algemene Sinode.
- 6.2.4 Ampsdraers kan vir een termyn in 'n posisie herkies word.

6.3 Funkionering

- 6.3.1 Die ASM konstitueer onder leiding van die Algemene Sekretaris binne drie maande na die vergadering van die Algemene Sinode.
- 6.3.2 Die ASM besluit self oor die frekwensie van vergaderings maar vergader ten minste 1 maal per jaar.
- 6.3.3 Die skribaatskantoor word hanteer deur die kantoor van die Algemene Sinode.
- 6.3.4 Die ASM funksioneer as 'n operasionele vergadering waar die leierskap van sinodes en voorsitters van taakspanne bymekaarkom om die werk wat op die terrein van die Algemene Sinode val, te doen.
- 6.3.5 Die ASM is verantwoordelik vir die bedryfsake (personeel, fondse en bates, beleggings, infrastruktuur, kommunikasie) van die Algemene Sinode.
- 6.3.6 Die ASM het slegs oor beleidsake ten opsigte van die bedryf van die Algemene Sinode besluitnemingsbevoegdheid.

6.4 Bepaling van fokusareas

- 6.4.1 Die ASM gaan geloofsonderskeidend met die roepingsprioriteite, soos bepaal deur die AS, om en bepaal strategiese fokusareas om die roepingsprioriteite te dien.
- 6.4.2 Die ASM kan nuwe fokusareas identifiseer slegs indien die leierskap van die sinodes daartoe instem.

6.5 Taakspanne van die ASM

- 6.5.1 Die ASM wys taakspanne aan om die fokusareas en die bedryfsake van die Algemene Sinode te dien.
- 6.5.2 Taakspanne dien as ruimtes waar deelnemende sinodes geloofsonderskeidend saam dink oor die sake van gemeenskaplike belang wat aan hulle opgedra is.
- 6.5.3 Taakspanne ontwikkel kundigheid wat die kerk ten goede kan kom.
- 6.5.4 Taakspanne is nie voorskriftelik nie, maar adviserend en ondersteunend ten opsigte van samestellende sinodes en ander kerkvergaderings.

6.6 Samestelling van taakspanne van die ASM

- 6.6.1 Taakspanne word saamgestel uit kundige persone en / of persone wat deur die samestellende sinodes aangewys word.
- 6.6.2 Die ASM besluit of 'n taakspan sinodaal saamgestel moet word.
- 6.6.3 Taakspanne kan verdere kundiges koöpteer in oorleg met die ASM en Bedryfspan (vir begrotingsdoeleindes).
- 6.6.4 Die Algemene Bestuurder sien toe dat taakspanne hulle werk koördineer en organiseer.
- 6.6.5 Die ASM roep 'n operasionele span saam wat toesien dat die werk van die Algemene Sinode deurvloei na die samestellende sinodes.
- 6.6.6 Die Algemene Bestuurder konsulteer met sinodes indien daar vakatures op taakspanne ontstaan.

6. AANBEVELINGS

- 6.1 **Die sinode keur punt 4: Voorstelle vir die funksie en struktuur van die Algemene Sinode, goed.**
- 6.2 **Die sinode versoek die Tydelike Taakspan Regte om, in oorleg met lede van die Taakspan Kerkverband ter vergadering, 'n gewysigde Artikel 43 en Reglement 1 voor te berei vir goedkeuring deur hierdie sinode.**
- 6.3 **Die sinode besluit dat die voorstelle vervat in hierdie verslag, onmiddellik na afloop van hierdie vergadering van die Algemene Sinode in werking tree.**
- 6.4 **Die sinode versoek taakspanne om die toekomstige werkswyse van die ASM en taakspanne te verreken in aanbevelings oor voortgesette werk.**
- 6.5 **Die sinode versoek die ATR om die Reglement van Orde te wysig met die oog op die volgende vergadering van die Algemene Sinode.**
- 6.6 **Die sinode versoek die ASM om in voortgesette nadenke oor die toekoms van die Algemene Sinode punt 3.5. van hierdie verslag: DIE PAD VORENTOE in ag te neem.**